

datum:
31 Januarie
2016

Teks: Lukas 15:11-31
Belydenis: H.K. Sondag 33
Tema: Ware bekering bring ons in volledigheid na
God

Liedere:
Psalm 33:1, 2, 11
Sb. 8-1:1, 2
Psalm 25:1, 2, 4, 6
Sb. 1-4:1-4

Middelaarskap * Die gelykenis van die verlore seun is sekerlik een van die bekendste gelykenisse in die Skrif.

* Die gelykenis tref ons telkens weer, want in die
> gelykenis kom ons duidelik agter wat God se houding teenoor verlore mense is, 'n houding wat ons baie duidelik in Jesus se uitreik na sondaars sien.

> Verder is die gelykenis treffend want op 'n vlak kan elkeen van ons wat tot bekering gebring is met die

* gelykenis assosieer in die wyse wat God ons ook vanuit ons sonde na Hom toe gebring het – ons sien onself in die posisie van die verlore seun.

sien veral in die
ouer broer, maar
dis nie die fokus
van vanmôre se
prediking nie

*plig om die
waarheid toe te
eien en te
verkondig

- * Maar ons moet ook nie sig van die rede vir die gelykenis verloor nie:
- > Ons Here het hierdie gelykenis is spesifiek tot die skirfgeleerdes en Fariseërs gerig, sodat hulle wat hulself hoog-heilig gehou het ook moet besef dat hulle die ware bekering nodig het.
- * Vanmôre beskou ons dié gelykenis deur die lens van die kategismus en vra die vraag wat ware bekering is.
- > **Eerstens** *vra ons wat dit is wat ons daarvan verhoed om volledig by die Here te wees en daar te bly?*
- > **Tweedens** *Hoe die Gees die waarheid gebruik om ons tot ons Vader te bring**
- > **Derdens** *wat dit is om in volledigheid, om in gedagtes woord en daad naby God te wees*
- > **en laastens** *wat ons verwagting, ons hóóp is, wanneer ons só by die Here is.*

-
- > Miskien is dit vir jou as ouer 'n troos om te weet dat die inhoud van hierdie gelykenis nie ver vervreemd van jou verhouding met jou tiener is nie:

- * Dis duidelik dat kinders destyds ook gedink het dat hulle beter as hul ouers weet,
- * dat hulle ook destyds nie beseft het wat die sorg en liefde is wat hulle by hul ouers vind nie,
- * en dat hulle beter af sal wees as hulle self-sien-kom klaar.

- vader
 verteenwoordig
 God, die seun vir
 my en jou
- >>> > Maar hierdie gelykenis is nie maar ' bloot oppervlakkige beskrywing van moeilike ouer-kind > verhoudings nie – ten diepste beskryf dit wat my en jou houding teenoor God is vanwee die sonde wat in ons leef.
- * Sonde is dit wat skeiding tussen ons en God bring.
 - * Sonde is dit wat ons in die goedheid van God laat twyfel.
 - * Sonde is dit wat my meer op my eie gedagtes en planne laat steun as op God.
 - * En die ding van sonde is, dat terwyl dit ons van God af weg laat draai, dit glad nie vir ons *so sleg voel wanneer ons dit doen nie...*

terloops: in die tyd
van die gelykenis
het baie jong jode
hul ouerhuise
verlaat om 'n beter
heenkome in meer
welverdende
wêrelddele te vind

- > want *ons voel* ons doen die regte ding,
- > *ons dink* ons doen die regte ding,
- > ons staan mos eintlik net op ons regte,
- * *ons dink* ons tree in wysheid op,
- * *ons dink* ons tree verantwoordelik op want die
wêreld doen mos dieselfde
- > en as die wêreld só maak, dan kan dit mos nie dom
wees as ek self ook so doen nie, of hoe?

>>> > So sien ons dat toe die verlore seun van die huis af
weggetrek het, hy in sy eie oë gedink het hy doen die
regte ding...

> En daardie selfde houding leef vandag in ons
wanneer ons ook ons rug op die goedheid van God
draai.

>> > Ons maak onself skuldig aan *ongeloof* – want ons
twyfel in die waarheid van die liefde van God

>> > en ons maak onself skuldig aan *afgodsdienste*, want in
die plek van God stel ons ander dinge in ons lewe
waarop ons ons sukses wil bou.

> Maar hoe lyk daardie ongeloof en afgodsdienste in die samelewing wat ons so maklik beïnvloed en meesleur?

>> > In die samelewing sien ons dat sommige mense hul **rede** – jou vermoë om vir jouself te dink – die hoogste gesag gee.

* Dis mense wat sê – as ek *dink* dat iets die regte ding is, dan is dit die regte ding.

>> > Ons sien ook dat mense op hul **gewetens** – dit wat vir *jou laat voel* of jy die regte ding of nie doen – steun.

* So as ek *voel* ek doen die regte ding dan is daar niemand wat vir my kan sê dat ek verkeerd doen nie.

vra bietjie iemand wat glo dat alles relatief is, of dit waar is dat alles relatief is, want as hy “ja” sê, is sy antwoord nie relatief nie...

> Maar ons lewe ook deesdae in ‘n wêreld waar alles **glo relatief** is, so wie is jy om te sê dat dit wat ek dink of voel reg is, eintlik verkeerd is?

* Daar is ook mense wat sê dat die mens alleen in die heelal is, dat daar geen God is nie,

as jy ooit in 'n
gesprek met 'n
evolusionis is, vra:
Watter rede het hy
enigsinds om 'n
goeie, morele lewe
te leef, en as hy
konsekwent is, sal
hy sê, Geen.

- > Dat ons die produk van evolusie is, en dat ons lewens daarom geen inhirente betekenis het meer as om ons DNA oor te dra nie.
- > So sien ons dat mense in die plek van die openbaring wat God aan ons in die Skrif gee, hulself meer as God begin vertrou, en dat die konsekwensie daarvan 'n leë, betekenislose bestaan is.

- >>> * Ons sien daardie betekenisloosheid in baie moderne films en musiek, kuns en selfs in argitekuur uitgebeeld. Maar in sy torts draai die mens nie na God nie.

In hul lewens, 'n
lewe sonder God,
sien ons die
waarheid van die
Prediker se woorde:
*Te vergeefs,
te vergeefs, dit is
alles te vergeefs!
Ek het alles onder
die son probeer,
maar ek het nie
ware vervulling
gevind nie!*

- > Daarom sien ons dat van die briljantste kunstenaars en wetenskaplikes, ingenieurs en musikante – omdat * hulle geen sin aan hul bestaan sien nie, uiteindelik in depressie verval en selfs selfmoord pleeg.

-
- * As gelowiges besef ons dat hulle, soos daardie verlore seun, by die uiteinde van hul verwerping van

God gekom het:

- >>> > Van 'n lewe waar nadat hulle die ligte en sagte juk van Christus van hul skouers afgehaal het en hulself daarvan “bevry” het –
 - > * Vir 'n tyd lank nog 'n produktiewe weg deur die lewe kon baan,
 - > * Vir solank as wat hulle aan 'n paar uiterlike christelike waarhede vasgehou het,
- >>>> > Maar dat soos wat hulle al meer en meer die gawes van God verwerp en misbruik het,
 - >> > En hulle hul eie **rede** en **gevoelens** begin verafgod het,
 - >> > Hulle 'n groter en **groter onsekerheid** oor hul plek in die wêreld begin ontwikkel het,
- >>>> > want hulle het agtergekom dat hul rede en gevoelens hul keer op keer teleur stel
 - * En dis daarom dat hulle,
 - > soos daardie seun, begin gebrek lei het.

>> > Die verlore seun seun het **honger gely** –
* maar die mens van vandag, in sy verwerping van
God, *lei eerder aan 'n diep geestelike honger en dors.*

>>> > Iets wat *die spreekwoordelike peule van ons tyd* nie
kan vervul nie,
* nie dig sirkels of alternatiewe kultuur, óf hoofstroom
* kultuur, of musiekfeeste, of eenheid met die natuur,
* of eksperimentasie met dwelms, of verwesentliking
* deur politieke deelname, of die gejaag na geld en
* besittings, of seksuele uitlewing —
> nie een van hierdie dinge kan die mens se diep
honger en dors na God vervul nie.

* Met soveel erns
as wat die wêreld
vervulling in die
wêreldse dinge
soek,
met soveel meer
erns moet die
gelowige vervulling
in God soek

Ons harte bly rusteloos totdat hul rus in God vind.

> 'n Rus wat alleen deur Christus se versoening en die
Gees wat deur die Woord werk, moontlik is.*

>> > Maar die tragedie is, omdat ware gelowiges ook tot
'n mate in die tydsgees van vandag vasgevang is –

>> > *dat ons nie ons waarheid op iemand anders wil
afdwing nie*

* Doen ons nie sendingwerk nie.

- * Ons laat dit na om die waarheid van die evangelie vir onself toe te eien, wat nog te sê om dit met ons naaste te deel?
- > Daarom reik ons nie uit na mense wat soos daardie verlore seun besig is om te vegaan nie,
- > En het ons nie die vrymoedigheid om hulle na ons Here en sy erediens toe te nooi nie.

die feit van Joh.

3:16 –

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

-
- > Ons, die kerk, het nodig om nie “ons waarheid” vir onself te hou nie, maar om **die waarheid**,
 - > die feit van wie God is – ons liefdevolle Vader
 - > die feit dat Hy bestaan – soos ons in die werk van die skepping en onderhouding van die wêreld sien
 - > Die feit dat Hy die mens geskep het om sy vreugde in God te vind
 - > Die feit dat Hy sy Seun gestuur het, om in die geskiedenis, in die verloop van tyd, mens te word, te sterf en uit die dood op te staan as bewys dat daar meer aan hierdie lewe is as maar ‘n eindelose gejaag na wind.
- te verkondig!

*wanneer laas het
jy Joh 3:16 oordink?

- > Want sien, dit is die feit dat die verlore seun, daar in sy verlore staat, *onthou het* wie sy vader is wat Hom tot inkeer laat kom het. *
- > Die besef van wie sy vader is het Hom die leegheid van sy bestaan laat besef.

en d.i. eintlik
sy vader self!

- > Hy het besef sy idees en sy gedagtes loop op niks uit, dat dit alles tevergeefs is, en dat daar by sy pa 'n oorvloed te vinde is van wat hy die nodigste het.

>>>> > So neem hy homself voor om na sy pa toe terug te gaan, om aan sy pa te verklaar:

>> > *Ek het teen God en teen pa gesondig* (want sy rebellie teen sy pa was eintlik 'n rebellie teen God wat hom deur die goedheid van sy pa versorg het)

>> > En so het die seun *sonder versuim* na sy pa teruggegaan.

* Ons moet mooi besef, die verlore seun het nie 'n halfgebakte, wensdenkerige voorneme gehad nie.

> Hy het nie gesê: "*Ek moet eendag na my pa toe teruggaan nie, maar dalk draai dinge in die land oor*

‘n week of twee, so kom ek byt maar net vas nie.’

- >>> > Nee. Hy het sy rug op sy ou lewe gerdaai.
- * Hy het berou gehad dat hy teen sy pa opgetree het,
- * en kom wat wil – ek gaan **nou** weer na my pa toe.

- > Ons moet ook beseef, hierdie seun het verwag om deur sy pa gestraf te word – ten beste het hy gehoop om soos ‘n dagloner – iemand wat van dag tot dag hoop vir werk, behandel te word.

- > Maar in sy terugkeer na sy vader toe, het sy vader iets geopenbaar wat hy nie verwag het nie:
- * Sy pa het hom innig jammer gekry en hom met ope arms terugverwelkom, hom omhels en hom gesoen.
- * Sien, God se vaderhart bevat meer liefde as wat ek of jy ooit sal kan deurgrond –
- > *Hy is verassend baie lief vir ons, en Hy het groot vreugde wanneer ons tot Hom kom.*

- > Só verklaar die pa: my seun was dood – en hy lewe weer; hy was verlore, maar ek het hom teruggekry

Dit is die manier
wat God bekeerde
sondaars na sy kerk
terugverwelkom!

* So is dit ook die verlose se stand in Christus:

Efesiërs 2:1-10 **Ons** was dood as gevolg van ons sondes en oortredings
 wat ons lewe gekenmerk het,
 maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.
 Deur sy groot liefde het hy ons
 wat dood was as gevolg van ons oortredings,
 saam met Christus Jesus lewend gemaak.
 Uit genade is julle gered!
 Julle is uit genade gered, deur geloof
 – deur kennis van God en vertrouwe op Hom –
 Hierdie redding kom nie uit julleself nie,
 maar is 'n gawe van God.

En die feit van ons verlossing, waarvan die Gees ons
in ons harte oortuig, gee vir ons groot vreugde in
God deur Christus!

*God het ons gemaak wat ons nou is:
in Christus Jesus het Hy ons geskep
om ons lewe te wy aan die goeie dade
waarvoor Hy ons bestem het.*

>>>> > So het die verlore seun tuis gekom.

* Hy het ontdek dat sy vader hom oneindig baie lief

1 Joh 4:20

het, en hy het sy pa in 'n wederliefde omhels.

Dit is soos die apostel sê: *Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het.*

- > En hierdie liefde loop oor in 'n lus om goeie werke te doen.

- > Sien, die vader het nie sy seun verlos sodat die seun maar op die bank kan lê en playstation speel nie,
- > hy het hom verlos, sodat hy sy lewe in die goedheid van die vader kan verlustig en hom kan dien.

- > En so is dit ook in ons verhouding met God.
- * Ons is verlos om vanuit 'n hartelike vreugde in God deur Christus ons lewens tot sy eer in te rig.
- * Dit beteken dat ons streef om elke dag God deur die geloof aan te gryp,
- * om elke dag volgens die wet van God tot sy eer te leef,
- * dit beteken dat ons van die ongeloof en afgodsdienste wat ons samelewing kenmerk afsien,
- * en dat ons God dien soos wat Hy Homself in sy

Woord openbaar.

>>> > En wanneer ons dit doen, verwag ons dat God ons sal seën.

>>> > *dat ons God se goedheid eersthands sal beleef!*

* dat ons sy goedheid op geestelike en materiële vlak
veral wanneer in ons lewens sal sien materialiseer.

ons as Kerk

Hom getrou

navolg

* Onthou die voorbeeld van Sifra en Pua, die twee hebreuse vroedvroue, wat teen die tydsgees in, teen die gesag van die wet en die farao,

* aan God gehoorsaam was en die Hebreuse kinders gered het.

* Ons lees daar in Eksodus 1:20 dat God hulle, vanwee hul liefde vir en gehoorsaamheid aan Hom voorspoedig gemaak het,

* en omdat hulle Hom gedien het het Hy hulle ook huisgesinne geggee.

> So laat ek en jy onself en mekaar oproep om onself in die Here en sy verlossing te verheug,

> laat ons telkens weer ons dankbaarheid laat opklink wanneer ons dink aan die verlossing wat Christus vir

ons bewerk het,

* deur die geloof wat die Gees in ons werk,

> En laat ons besonder sterk en vasberade wees om
sonder versuim ons Here te eer en te dien

* Want ons het die hoop op 'n beloning wat verreweg
beter as die kortstondige genieting van sonde is.

heb 11:25

en daardie beloning is, soos Psalm 23 sing:

*Gods goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in
lengte van dae.*

Amen.